Strydbyle moet begrawe word

Prof Russel Botman se heengaan, die Afrikaanse media, beweerde onmin in die US-raad, Afrikaans as onderrigtaal en die toekoms van die Universiteit Stellenbosch (US) is van die onderwerpe wat mnr George Steyn, Voorsitter van die US se Raad aanraak in 'n onderhoud mnr Bun Booyens, Redakteur van *Die Burger*. Die onderhoud is op die middelblad in *By&Naweek+,* bylae tot Die Burger van 9 Augustus 2014 gepubliseer.

Lees die volledige onderhoud hieronder.

Die Burger: *By&Naweek+, 9 Augustus 2014*

Vir die rubriek *V&A met Bun*, het mnr Bun Booyens, Redakteur van Die Burger, 'n elektroniese onderhoud mnr George Steyn, Voorsitter van die US-raad gevoer. Hieronder volg die oorspronklike weergawe van die elektroniese onderhoud, sonder verkorting of redigering.

Prof. Russel Botman se onverwagse heengaan van het die universiteitsgemeenskap geskud. Jou indruk van die gemoed tans?
Dit was 'n skok en voel steeds onwerklik. Ons is steeds baie hartseer en probeer nog om hierdie nuwe realiteit te verwerk. Terselfdertyd moet ons kontinuïteit verseker en reëlings tref om spoedig weer iemand in die rektorstoel te hê.

Prof. Botman se belangrikste nalatenskap?
Russel se belangrikste nalatenskap is die baan waarop hy ons universiteit geplaas het. Ons beplan nie 'n koersverandering nie. Die Raad moet toesien dat Universiteit Stellenbosch (US) sal voortgaan op die koers wat uitgespel is in die *Institusionele Voorneme en Strategie* wat onder prof Botman se leiding opgestel en deur die Raad aanvaar is.

Veel is gesê oor "die Afrikaanse media" se dekking van transformasie op Stellenbosch: dat dit vir Botman en die Raad – die hele proses? – ondergrawe. Kommentaar?
Dis 'n jammerte dat heelwat van die beriggewing nie akkuraat was nie. Die voorbladberig wat die oggend van ons laaste raadsvergadering in Die Burger verskyn het oor 'n beweerde mosie van wantroue teen die rektor het aanleiding gegee tot baie bespiegeling en beskuldigings ná sy skielike afsterwe. Hierdie beweerde mosie het nooit gedien nie. Die Uitvoerende komitee van die Raad het intussen 'n mosie aangeneem waarin ons die optrede van die gerugmakers en die gerugte veroordeel en ons daarvan distansieer.

Kom ons aanvaar vir die oomblik daar was 'n lid of lede wat inderdaad beplan het om 'n mosie van wantroue in te stel?
Indien raadslede daarby betrokke was, soos wat die berig suggereer, word dit gesien as 'n ernstige oortreding van die gedragskode vir raadslede.

Dit lyk asof daar wel raadslede is wat verskil met die rigting wat US inslaan?
Die dag wanneer 'n raad met bykans 30 lede almal min of meer dieselde opinies en sienings huldig, is dit waarskynlik tyd om die raad te ontbind.

Dit is nie altyd lekker as sommiges met jou verskil nie, maar jy moet sekerlik hul reg om te mag verskil, respekteer. Daar is ongelukkig lede wat hou van publisiteit en gereeld die media opsoek om voorbrand vir hul agendas te maak. So misbruik hulle byvoorbeeld die pers om druk op die Raad en bestuur te plaas.

Dit is tog ook sekerlik hul reg om in die openbaar van die res van die raad te verskil?
Die raad het lang en openhartige gesprekke oor komplekse kwessies en wanneer daar dan besluite geneem word, is dit gewoonlik met groot meerderhede. Dit is nie die rol van dié enkelinge wat nie saamstem om hul tot die media te wend nie – dit is vir feitlik alle raadslede 'n frustrasie. Oor tyd is diegene egter besig om hulself te marginaliseer binne die Raad en weens hul optrede benadeel hulle in die proses hul potensiële impak in die Raad.

Hoe eensgesind is die raad dus?
Die Raad is eenparig daaroor dat US deurlopend moet verander of transformeer om aan te pas by 'n snel veranderende omgewing – daar is uiteraard verskillende sienings oor wat transformasie presies alles behels. Dit sou naïef wees om te dink dat almal presies dieselfde siening gaan hê.

Die taalkwessie wil nie gaan lê nie en die Minister vir Hoër Onderwys en Opleiding, dr Blade Nzimandi, het dit opnuut laat opvlam met sy stelling dat daar nie meer plek is vir Afrikaanse universiteite nie. Jou kommentaar?
Minister Nzimande is in 'n invloedryke posisie, maar sy uitspraak strook eenvoudig nie met ons Grondwet nie en die Grondwetlike Hof is uiteindelik die hoogste gesag.

As hy dalk bedoel het dat daar nie plek is vir Afrikaner-universiteite nie, is dit natuurlik iets heel anders en sal ek hom hieroor gelyk gee. Stellenbosch is lankal nie meer die "volksuniversiteit" wat vroeg in die vorige eeu moes help om die Afrikaners op te hef nie. Dit kan en wil ons vandag ook nie wees nie. In dieselfde asem hoef US nie verskoning te vra omdat ons gekies het om ons groot aantal studente in meer as een taal te bedien nie.

As dit egter minister Nzimande se wens is dat Suid-Afrikaanse universiteite soos klone van mekaar moet begin lyk, kan ek nie daarmee saamstem nie. Ons het 'n land ryk aan diversiteit wat swak bedien sal word deur 'n klomp gekloonde en middelmatige universiteite. Dit bekommer ons natuurlik dat 'n hele paar Suid-Afrikaanse universiteite disfunksioneel en finansieel in 'n benarde situasie is.

Dus, in so duidelike taal as moontlik, hoe lank gaan Maties nog Afrikaans as onderrigtaal aanbied?
Ek het onlangs die standpunt gestel dat die US se eerste prioriteit en belangrikste fokus nooit iets anders mag wees as akademiese uitnemendheid nie. Ons sal dit slegs kan bereik en volhou as US die beste dosente én beste studente lok en behou. Dit sou absurd wees om te dink dat ons dit met slegs Afrikaanssprekende dosente en studente kan behaal. Dit is net so waar dat jy dit in Suid-Afrika ook nie met slegs Engelssprekendes gaan regkry nie. Daarom ondersteun ek die universiteitsbestuur se voorneme om die Afrikaanse én Engelse aanbod uit te brei.

Dis miskien interessant om te weet dat toe ek as student in 1985 hier weg is, het US ongeveer 9 000 studente gehad wat oorwegend Afrikaans was. Vandag het ons sowat 28 000 studente waarvan omtrent14 000 Afrikaanssprekend is.

Geen kwotastelsel dus nie?

'n Kwotastelsel vir Afrikaans sal faal. Al meer Afrikaanssprekende ouers moedig hul kinders aan om te verengels en al hoe meer Afrikaanssprekende studente wil uit eie keuse in Engels onderrig word. US kan nie die beskikbare bronne van potensiële studente ignoreer nie en sal 'n ewe vriendelike tuiste vir Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes wil wees. Ons het reeds verskeie graadprogramme wat ons volledig in Afrikaans én Engels aanbied, met behulp van parallelmedium onderrig en opvoedkundige tolking.

Afrikaanssprekendes is meestal meer tweetalig as Engelssprekendes en meer bereid om in Engels te studeer as andersom en hierdie tendens word al sterker. Kyk so daarna. Gestel ons het 100 plekke beskikbaar vir 'n program en reserveer 'n kwota van 50% vir Afrikaanssprekendes. Nou doen daar 50 Afrikaanssprekendes en 150 Engelssprekendes aansoek. Ons word dan per die gestelde kwota gedwing om al 50 Afrikaanssprekendes te aanvaar en net die beste derde van die Engelsprekendes. Die negatiewe impak op kwaliteit spreek vanself.

Op watter minimum taalregte sal 'n student – enige student, nie noodwendig 'n Afrikaanstalige student nie – dus kan staatmaak? Vir besorgde mense is dit die kruks.

In 2014 is die voorgraadse voorlesingaanbod in Afrikaans meer as 60% en in Engels bykans 60%. Studente kan egter alle toetse en eksamens en werkstukke in enige van die tale aflê of ingee. Die Raad vergader weer in September en die Taalplan word bespreek. Die Raad wil sien dat die aanbod vir beide Afrikaans en Engels aansienlik uitgebrei word. Ons sal uiteraard ook die impak op kostes oorweeg.

Die vraag wat egter toenemend gevra word – ook in die hoogste howe – is dat wanneer persentasies soos hierbo ter sprake kom, jy die nasionale demografie of streekdemografie vir die som moet gebruik. Dis dalk die kruks van die saak. Jou gevoel?

Vir my is dit logies dat universiteite hul aansoekers moet akkommodeer en daardie profiel sal die universiteit se profiel word. Dit moet geld vir alle vorms van diversiteit.

Die US het byvoorbeeld nie beheer oor die verengelsende tendens by skole nie en moet ook nie daardie jas aantrek nie. Ons ondersoek voortdurend bekostigbare en praktiese maniere om albei tale behoorlik aan te bied om so die US meer inklusief en divers te maak: 'n plek waar verskillende mense tuisvoel. Ons bevorder ook die ontwikkeling van isiXhosa as 'n akademiese taal en as taal van sosiale omgang.

Die feit dat ons Afrikaans en Engels as onderrigtaal gebruik, is 'n geweldige bate vir die universiteit en onderskei ons reeds van die meeste ander Suid-Afrikaanse universiteite. Dit stel ons in staat om die bestes vanuit altwee taalgroepe te trek deur almal te verwelkom en dan tuis te laat voel.

Gegewe dit, waar pas 'n stelling in wat suggereer dat "blank, manlik, Christelik en heteroseksueel" amper by verstek 'n struikelblok is vir diversiteit?

Ons mag nie toelaat dat dit 'n struikelblok is nie. Soos met soveel ander kwessies, hang dit af van hoe ons dit uitleef in verband met al die verskillende waardesisteme wat tog gerespekteer moet word en ewe veel erkenning moet geniet. Ons *Institusionele Voorneme en Strategie* dui die koers wat ons gaan volg duidelik aan.

Internasionale ranglyste vir universiteite was onlangs weer in die nuus. US is 311ste geplaas op die Sentrum vir Wêreld Universiteite Ranglys. Hoe belangrik is sulke lyste?

Daar is talle ranglyste en almal se uitkomste en kriteria verskil. Dit is wel belangrik om tendense – stygend of dalend – dop te hou. Die US het maar eers redelik onlangs hierdie ranglyste begin haal en is besig om haar posisie vining te verbeter.

Dit is veral van belang in 'n land waar ons skoolstelsel as een van die swakste in die wêreld uitgewys word. Dat daar steeds Suid-Afrikaanse universiteite is wat onder die top 1,5% in die wêreld aangewys word, is verblydend en 'n teken van tersiêre uitnemendheid. Studente en ouers van ons land, en veral die Wes-Kaap kan dankbaar wees dat twee van Afrika se drie beste universiteite hier gesetel is.

Daar is baie druk op die tradisionele blanke universiteite om vinniger te transformeer. Doen die US genoeg om te transformeer?

Laat ek weer beklemtoon wat ek gesê het oor "om die beste studente te lok". Binne die huidige SA skoollandskap, sal baie min studente vanuit die voorheen benadeeld skole toegelaat word tot US indien hul klinies bloot op hul matriekpunte gekeur word. Dit sou meer akkuraat wees om te sê dat US "die studente met die meeste potensiaal moet lok".

Dit gaan baie lank duur voor die skade wat in die verlede aangerig is, uitgewis gaan word en skole in die benadeelde gemeenskappe behoorlik op standaard gaan funksioneer.

As bevoorregte, wit Suid-Afrikaners het ek, my tydgenote en ook ons kinders grootliks nog die voorreg om duurder skole te kan bekostig en so bykans 'n universiteitsopleiding kan verseker. Daar is talle leerders met ontsaglike potensiaal wat bloot nie die geleentheid gehad het om op dieselfde vlak te presteer nie.

As ons uitnemend wil wees, moet ons studente met die hoogste potensiaal lok en behou – en om hulle te lok, moet ons transformasie bevorder.

'n Belangrike vraag is hoe die universiteit dan uitnemendheid gaan definieer: Behels uitnemenheid byvoorbeeld vir 'n puik dosent dat hy of sy meer as een taal magtig behoort te wees? Behels uitnemendheid vir 'n universiteit dat sy meer as een taal as akademiese taal probeer handhaaf? En soos jy as sakeman sekerlik besef, is hoe meet die universiteit uitnemendheid op hierdie gebied?

Ons moedig veeltaligheid aan by ons dosente. Akademiese uitnemendheid word egter gemeet met 'n gevestigde prestasie-beoordelingstelsel. Dit weerspieël die drie kernfunksies van universiteite wat onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsdiens behels. Die akademiese statuur van die dosent is deurslaggewend – hoe goed gee hy/sy klas, hoe goed is die inhoud, wat is die kwaliteit van navorsing en wat is sy/haar impak op die samelewing?

Ons sal sekerlik nie vir Bill Gates wil wegwys omrede hy net Engels magtig is nie!

Anders gestel, kan enige instansie in 'n diverse land met 11 ampstale jouself as divers of getransformeer beskou as hy net een taal magtig is?

In my opinie is meertaligheid 'n groot voordeel in Suid-Afrika. Jy kan beter met meer landsgenote kommunikeer. Dit is so in ons algemene omgang en ewe waar in die sakewêreld.

Ek verkwalik nog steeds die Nasionale Party dat hulle nie die res van leerders in ons land gedwing het om die etniese taal van elke streek as verpligte vak op skool te leer nie – net soos hulle swart leerders verplig het om Afrikaans te leer. Dink net watter wonderlike voordele dit sou inhou?

Hoe bevorder die US transformasie?

Die US doen verskeie dinge om transformasie te bevorder:

* Keuring maak voorsiening vir meetinstrumente wat verder gaan as graad 11 en matriekuitslae, byvoorbeeld **nasionale normtoetse en taalvaardigheidstoetse**.
* Ons weet dat **wiskunde- en wetenskap onderrig** ernstig te kort skiet by die meeste skole – veral in arm gemeenskappe waar beheerliggaamposte en goed toegeruste laboratoriums onbekend is. Daarom bied US ook 'n **SciMathUS oorbruggingsprogram** aan om opvoedkundig-benadeelde leerders 'n tweede kans te gee om te kwalifiseer vir universiteitstoelating. Tientalle van hierdie studente het graadprogramme aan US voltooi, onder meer as dokters en ingenieurs gekwalifiseer, of tot op nagraadse vlak gevorder.
* Die raad het beduidende fondse beskikbaar gestel vir **werwingsbeurse** om studentediversiteit te bevorder. Daar word diversiteitsbestuur in **koshuisplasings** toegepas om die sukseskoers van kwesbare studente, soos eerste-generasie studente – studente wie se ouers nie hier gestudeer het nie - te verbeter.
* Verder het die US spesiale **LLL** (Luister, Leer en Leef) **areas** om studente op hul gemak te laat voel met diversiteit en mekaar te leer ken. Ons bou ook nawe (die studente noem dit **'hubs'**) wat vir ons dagstudente wat na Stellenbosch pendel, leef- en studie-areas op die kampus bied waar hulle ook met koshuisinwoners kan sosialiseer.

Ons Institusionele plan sal voor die einde van 2014 gefinaliseer word. Dié plan sal transformasieteikens insluit wat sal bydrae tot US se voortreflikheid. Ons is gesteld daarop om hierdie teikens so wetenskaplik as moontlik te bepaal en om die risiko's daaraan verbonde deeglik te verreken.

Die Universiteit van Kaapstad is onlangs ook bv gekritiseer oor sy profiel van professore en sekere diversiteitstekortkominge daarin. Billike kritiek?

Ek kan nie namens hulle praat nie. Die UK is 'n wêreldklas instelling wat ons boonop vanjaar in die Varsity-beker met rugby geklop het!

Ek kan wel bespiegel dat hulle waarskynlik dieselfde uitdagings as ons het. Ons ding met die korporatiewe wêreld mee om gekwalifiseerde kandidate. Hiermee saam is ons personeelomset ook laag.

Nietemin doen US spesiale werwing om personeeldiversiteit te bevorder. Daar is ook die vereiste dat finale kortlyste 'n kandidaat uit die benadeelde groepe moet bevat. Daar is wel baie goeie kandidate beskikbaar en ons kan en moet beslis meer doen op hierdie terrein.

Noordwes-Universiteit, 'n beweerde Nazi-saluut... Plaas dit addisionele druk op Stellenbosch as tradisioneel Afrikaanse universiteit?

Soos by Noordwes, vind ons ook hier dat daar soms klein groepe studente is wat onaanvaarbare dinge doen. Om dan te beweer dat dit ook die universiteit se agenda is, is 'n onregverdige en gevaarlike tipering. US dra lankal nie meer die Afrikanerbaadjie nie.

Hoe lyk die finansiële prentjie?

Hier en regoor die wêreld krimp staatsbefondsing vir universiteite, te midde van toenemende druk dat sosio-ekonomiese omstandighede nie uitsluiting van behoeftige studente mag beteken nie. Daarmee saam moet universiteite tred hou met die tegnologiese eeu en die kostes van hierdie vernuwing. Laat daar geen misverstand wees nie, dit plaas groot druk op ons finansiële model.

Meer aangewese op donateurs, dus?

Ons het reeds die punt verbygegaan waar ons eie inkomste uit klasgeld en navorsingskontrakte groter is as die staatsubsidie. Donateurs is uiters belangrik en US het hulle elkeen broodnodig.

US moet ’n nuwe rektor aanstel. Die profiel van die ideale kandidaat?
Op die vooraand van US se 150ste bestaansjaar , is hierdie rektorsaanstelling na my mening die belangrikste nog.

Natuurlik wil ek hê dat die Raad die beste en mees geskikte persoon vir die pos sal aanstel. Dit klink egter ’n bietjie generies: ons soek ’n energieke, kundige en gekwalifiseerde persoon wat opgewasse is en sal bly te midde van al die verskillende drukgroepe en onderstrominge.

Ons soek waarskynlik ’n kalm individu met ‘n gebalanseerde lewensuitkyk en gepaste ondervinding wie se leierseienskappe bewese en bo verdenking is. Daar is groot verwagtinge en ons sal hard werk om die regte rektor aan te stel.

Wat sou jy as ‘gepaste ondervinding’ beskou?
‘n Uitstekende en bewese rekord van top leierskap in ‘n komplekse omgewing.

Hoe lank gaan die proses min of meer neem?
Ons beplan om die nuwe rektor by ons Raadsvergadering op 1 Desember vanjaar aan te stel. Wanneer die rektor in die stoel gaan wees, is ‘n ander kwessie - ek vermoed enige tyd vanaf Februarie tot Mei volgende jaar.

Wie maak die uiteindelike aanstelling?
Die Raad.

Jou prognose vir die toekoms?
Ek weet nie van ‘n enkele raadslid of personeellid wat nie die beste belange van ons universiteit op die hart dra nie. Stellenbosch het ook die mees lojale konvokasie (waarvan alle oud-Maties lid is) in Suid-Afrika, en hulle voel sterk oor hulle *Alma Mater*. Ek hoop en bid ek dat ons mekaar se verskillende opinies en invalshoeke op uitdagende vraagstukke sal respekteer en eerder na oplossings sal soek as om te kritiseer en aan te val.

Kom ons wees eerlik, die verhouding tussen ‘die universiteit’ (of die rektor) en die raad was die afgelope paar jaar dikwels meer as krapperig. My indruk was dat daar in ‘n stadium vertrouensprobleme was. Jou belewenis hiervan?
Die US het ‘n formidabele konvokasie en kosbare donateurs wat saam nege raadslede verkies. Hierdie is ‘n netwerk van mense hier en oorsee in invloedryke posisies. Die bestuur en Raad sal dwaas wees om nie hul sentimente te oorweeg op die pad vorentoe nie. My belewenis van die huidige raadsvergaderings is aangenaam – die strydbyle is begrawe en ons baklei nie met mekaar nie.

En die pad vorentoe as voorsitter van die Raad?
Die US is kompleks, uitdagend en neem baie van my tyd. Nietemin dien ek graag. Miskien is my vel dik genoeg en ek geniet die steun van meeste mede-raadslede. Die donateurs het my tot die Raad verkies en die Raad my as voorsitter. Ek sal ongeveer nog vier jaar in die stoel sit as iets nie voorval nie. Ek word gelukkig ondersteun deur ‘n baie bekwame Raad.

Dit lyk na ‘n redelik ondankbare taak om Raadsvoorsitter te wees …
Laat ek dadelik sê dat die rektor se taak is veel meer ondankbaar en kompleks. Dit is wel lekker om saam met hierdie groep baie bekwame lede te werskaf aan die welstand van US.

Ek glo vas dat ons US se uitnemendheid verder sal versterk en al meer leiers vir ons land, ons kontinent en die res van die wêreld sal lewer.

- George Steyn (56) het aan Paarl Gimnasium gematrikuleer en sy graad in die regte aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Hy het in 1986 by *Pep* begin werk en was van 2005 die uitvoerende hoof. Mnr Steyn het in 2011 afgetree. Hy is deur die US-donateurs tot die Universiteitsraad verkies en deur die Raad as voorsitter aangewys. Hy dien nou in sy tweede termyn.